

© Die Oratorium Uitgewery

# ST. DON BOSCO
## 31 JANUARIE

(1815-1888)

Giovanni Bosco, die latere beminde Don (wat ’n aanspreekvorm is) Bosco, is in 1841 tot priester gewy en het in Turyn gewerk. In ’n tyd toe min arm mense toegang tot opleiding en opvoeding gehad het, het hy uitgereik na die jongmanne wat dikwels doelloos op straat rondgedwaal het. Hy open ’n kosskool (met sy moeder se bystand) en begin met aandklasse en werkswinkels waar die jongmense die een of ander nuttige ambag kon aanleer. Hy plaas dié apostolaat onder die hemelse beskerming van Onse Liewe Vrou, Bystand van Christene en die heilige Frans van Sales. So lê hy die fondamente vir die Genootskap van St. Frans van Sales (die Salesiane) en ’n soortgelyke kongregasie vir vroue. Toe hy sterf tel dié twee kongregasies byna 1000 priesters en meer as 900 susters. Sy bediening is gekenmerk deur die eindelose geduld wat hy gehad het, nie net met die jongmense nie, maar veral ook met die plaaslike kerklike en staatsowerhede wat teen sy werksaamhede gekant was.